Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2015

# GESKIEDENIS V1
# MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE-VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek inligting uit die bronne.<br>• Selekteer en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30% (15)** |
| **VLAK 2 (V2)** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40% (20)** |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit die bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekking. | **30% (15)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

## 2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

**VLAKKE VAN VRAE**

| | |
|---|---|
| **VLAK 1** | • Bespreek of beskryf volgens ŉ gegewe argument wat in die langvraag uiteen gesit word.<br>• Beplan en konstrueer ŉ argument gebaseer op bewyse, en gebruik die bewyse om ŉ gevolgtrekking te bereik. |
| **VLAK 2** | • Sintetiseer inligting om ŉ oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Handhaaf en verdedig ŉ samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument bou. |

### 2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- Nasieners moet let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die betrokke sentrum gebruik word.
- Kandidate mag enige ander relevante inleiding en/of gevolgtrekking as die wat in ŉ spesifieke uitgebreide skryfwerk riglyne vir ŉ spesifieke nasien van opstelle gee.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoorde.

### 2.3 Globale assessering van uitgebreide skryfwerk

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal). Hierdie benadering vereis die opvoeder die totale produk as ŉ geheel **sal bepunt sonder om die samestellende dele afsonderlik.** Hierdie benadering moedig die leerder aan ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Die leerder sal nie vereis word om slegs "feite" om ŉ hoë punt te behaal nie, te herhaal nie. Hierdie benadering ontmoedig leerders ook om "modelantwoorde" voor te berei en te reproduseer sonder inagneming van die spesifieke vereistes van die vraag. Holistiese uitgebreide skryfwerk gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Holistiese assessering, anders as in inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendhede nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie van ŉ argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun en
- Die leerder se interpretasie van die vraag

Kopiereg voorbehou 

2.4 **Assessering van uitgebreide skryfwerk**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Gedurende die eerste lesing van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ʼn relevante inleiding (aangedui met ʼn kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum) elk van die belangrikste punte/aspekte wat behoorlik gekontekstualiseer (ook aangedui deur koeëls in die riglyne vir nasien/memorandum) en ʼn relevante gevolgtrekking (Aangedui deur ʼn kolpunt in riglyne vir nasien/memorandum aangedui), bv. In ʼn antwoord waar is daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer — ^
- Verkeerde stelling — ______
- Irrelevante stelling — |
- Herhaling — **R**
- Ontleding — **A**√
- Interpretasie — **I**√

2.5 **Die Matriks**

2.5.1 Gebruik van ʼn analitiese matriks in die nasien van uitgebreide skryfwerk:

Die gebruik van ʼn analitiese matriks vir die assessering van opsteltipe vrae (verwys na bladsy 5). By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bladsy 5, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. ʼn Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om te bepaal die **inhoudsvlak** (op die matriks).

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die  van die **aanbieding**.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | |
| P | VLAK 5 | |

(c) Ken ʼn algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | 33–34 |
| P | VLAK 5 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELTIPE-VRAE: TOTALE PUNTE – 50 (DIE MATRIKS)

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is. | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE MASSA MOBILISASIE VAN DIE MENSE GELEI TOT DIE ONDERGANG VAN DIE TSARISTIESE BEWIND IN RUSLAND IN 1917?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- ’n Regering waar die regeerder mag uitoefen deur die uitsluiting van mense.
- ’n Regering waar die mense geen seggenskap het in die sake van die staat.
- Die leier regeer met despotiese magte.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- ’n Geleentheid vir Rusland om haarself te moderniseer. (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interaksie met en interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Hy het die voorregte van die regerende elite beskerm.
- Het geen agting vir demokrasie en menseregte.
- Enige hervorming sou die krag basis van die monargie uitdaag.
- Het geen respek vir die gewone mense. (Enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Hulle wou politieke hervormings hê.
- Hulle beskou die regering as onbevoeg en korrup.
- Hulle het besef dat die tsaar nie belang gestel het in die verbetering van die lot van die onbevoorregte klasse nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Die regering was onbevoeg.
- Die regering was verantwoordelik vir ekonomiese swaarkry.

(Enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Om 'n petisie aan die tsaar te oorhandig.
- Om die griewe van die mense na vore te bring. (Enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Hulle het opgetree in opdrag van die tsaar.
- Die weermag het bedreig gevoel deur die skare.
- Die weermag wou enige vorm van ontevredenheid teen die tsaar onderdruk.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Evalueer en bewyse interpreteer uit Bron 1B – V3]*

- Dit het die mense gemobiliseer om teen die regering se ondoeltreffendheid te protesteer.
- 'n Groter aantal mense in Rusland is deur die demonstrasie beïnvloed.
- Die tsaar was vertroud gemaak met die lyding van die mense.
- Dit het 'n geleentheid vir die Russe om as een op te tree, geskep.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.3 *[Vergelyking en analise van bewyse uit Bronne 1B en 1C – V2]*

- In Bron 1A word die mense teen die tsaar opgemaak en as gevolg daarvan protesteer hulle teen die regering in Bron 1B.
- Beide bronne beklemtoon die ontevredenheid en mobilisering van die massas.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.4 1.4.1 *[Verduideliking/definisie van 'n historiese begrip uit Bron 1C – V2]*

- Hulle eis beter werksomstandighede.
- Hulle het gedemonstreer teen slaaf-lone.
- Daar was voedseltekorte in Rusland.
- Die lewe was moeilik, selfs vir diegene wat in diens was.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Hulle het die dieselfde probleem as die betogers ondervind.
- Hulle wou 'n verandering hê.
- Het 'n geleentheid gesien om op te tree teen die tsaar onder die beskerming van die massas.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Definisie van 'n historiese begrip met behulp van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'n Sowjet is 'n verkose raad van komitees van werkers.
- 'n Verteenwoordigende liggaam van die werkers wat politieke mag uitoefen.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.5 1.5.1 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Hy het geglo dat die mense gereed was vir 'n suksesvolle revolusie.
- Die Bolsjewiste het ongekende ondersteuning en gewildheid geniet.
- Selfs staatsinstellings was gereed vir 'n verandering van regering.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.5.2 *[Analise en interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

**GEREGVERDIG**
- Die mense was gereed.
- Die Bolsjewiste was as 'n *de facto* regerende party in Rusland aanvaar.
- Die Kerensky-regering het nie die ondersteuning van die mense geniet nie.
- Enige ander relevante antwoord.

**OF**

**NIE GEREGVERDIG**
- Die leierskap van die Bolsjewiste was in twyfel en dit kon gelei het tot mislukking.
- Dit kon gelei het tot bloedvergieting en verlies van talle lewens.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Die beëindiging van Rusland se deelname in die EWO.
- Afskaffing van alle private eienaarskap van grond.
- Die skepping van ʼn stelsel van beheer van fabrieke deur die werkers. (3 x 1) (3)

1.6 1.6.1 *[Analise en evaluasie van inligting uit Bron 1D – V2]*

- Die gewapende magte het ook die Bolsjewiste ondersteun.
- Sommige van die personeel in uniform verteenwoordig die soldate wat oorgeloop het na die kant van die rewolusionêre.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.6.2 *[Evaluering van die betroubaarheid van Bron 1E – V2]*

**BETROUBAAR (ʼn Reaksie wat sê die bron is onbetroubaar moet nie aanvaar word nie.)**

- Die bron is ʼn visuele bron wat Lenin aandui terwyl hy die mense self aanspreek.
- Daar is ʼn groot skare teenwoordig wat na Lenin luister en dit is in ooreenstemming met die gewildheid van die Bolsjewiste in Rusland.
- Die bron is baie geloofwaardig (*Encyclopaedia Britannica*).
- Die personeel in uniform in die skare bevestig die oorlopery van die polisie en soldate in die geledere van die rewolusionêre.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 3) (3)

1.7 *[Paragraaf – interpretasie, analise en sintese van inligting uit al relevante bronne – V3]*

- Die Bolsjewiste het aan bewind gekom as gevolg van die Oktober-rewolusie van 1917, ’n opstand deur die mense.
- Die mense het hoop verloor van vrywillige hervormings vanaf die tsaar. (Bron 1A)
- Die mense het begin om te kyk na maniere om die onbekwame regering te verwyder. (Bron 1A)
- The1905-revolusie was die eerste poging ter uitdaging van die gesag van die staat. (Bron 1B)
- Die tweede aanval op die regering het in 1917 plaasgevind, die Februarie Revolusie. (Bron 1C).
- Die tsaar het geabdikeer en was met ’n voorlopige regering vervang. Einde van outokrasie in Rusland. (Bron 1C).
- Die Bolsjewiste onder Lenin, het baie ondersteuning gekry.
- Bolsjewiste het regering in Oktober 1917 omvergewerp. (Bron 1D)
- Gewildheid van die Bolsjewiste is duidelik in Bron 1E.

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n baie elementêre manier, bv. **min of geen begrip van die mate waarin die stryd van die mense gelei het tot die ondergang van die tsaar**.<br>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **gedeeltelike begrip van die mate waarin die stryd van die mense gelei het tot die ondergang van die tsaar**.<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier. | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer ’n deeglike begrip van die mate waarin die stryd van die mense gelei het tot die ondergang van die tsaar**.<br>• Bewyse hou in ’n groot mate verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HET ROOSEVELT SE NUWE BEDELING DIE DOELWITTE VAN VERLIGTING, HERVORMING EN HERSTEL VIR DIE AMERIKAANSE EKONOMIE BEHAAL?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 2A – V1]*

- Spekulante het hul aandele verloor
- Banke het gesluit
- Geldvoorraad verminder
- Maatskappye het bankrot geraak
- Werkers het hul werk verloor (Enige 4 x 1) (4)

2.1.2 *[Definisie van ŉ historiese begrip uit Bron 2A – V1]*

- Die ineenstorting van die ekonomie van ŉ land het gelei tot die verswakking van die geldeenheid van die land.
- Mislukking van die Amerikaanse ekonomie ná die ineenstorting van die New Yorkse aandelebeurs in 1929.
- ŉ Ekonomiese krisis het na ŉ dekade van ekonomiese welvaart in die VSA gevolg.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2A – V2)*

**GEREGVERDIG**
- Hy het geglo dat die ekonomie mettertyd van die terugslag sou herstel.
- Dit was die regering se beleid om nie in te meng in die ekonomie nie omdat hy geloof in die funksionering van die ekonomie gehad het.
- Hulle was aangemoedig deur die welvaart van die 1920's.
- Enige ander relevante antwoord.

**OF**

**NIE-GEREGVERDIG**
- Sy regering het versuim om die omvang van die probleem wat hulle in die gesig gestaar het te erken.
- Regering verontagsaam die akkumulatiewe effek van die foute in die Amerikaanse ekonomie.
- Sy vertroue in die vrye mark ekonomie was oordryf.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Hoover het geglo dat die regering nie die ekonomiese krisis moes oplos nie terwyl Roosevelt gevoel het dat die regering strategies moet ingryp.
- Hoover gehoop vir ŉ ekonomiese herstel wat veroorsaak sou word deur die beginsels van ŉ vrye-mark ekonomie, terwyl Roosevelt geglo het dat dit die regering se verantwoordelikheid is om die ekonomiese herstel te bestuur.
- Hoover se benadering was beïnvloed deur die Republikeinse Party, terwyl Roosevelt die beleid van die Demokratiese Party bevorder.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Die kliënte het geglo dat die banke uit geld sou loop en sluit.
- Vrees dat hulle hul spaargeld sal verloor.
- Het nie gedink dat die banke die krisis sou oorleef nie.

(Enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2B – V2]*

- Die publiek het inligting ontvang wat hulle in staat gestel het om die uitdagings van die banksektor te verstaan.
- Die publiek het vertroue in die banke herwin.
- Verskaf troos aan beleggers omdat dit hulle in staat gestel het om te sien dat die regering ŉ plan vir die banksektor gehad het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Hy wou nie verdere paniek en spanning in die ekonomie veroorsaak nie. (1 x 1) (1)

2.2.4 *[Analise, evaluering en interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

**GEREGVERDIG (ŉ Reaksie wat nie sê geregverdig is onaanvaarbaar)**

- Hy wou vertroue in die banksektor skep.
- Hy wou ŉ nood wetgewende raamwerk hê om die banke te reguleer.
- Hy moes ekonomiese herstel fasiliteer.
- Die situasie het vinnige regeringsreaksie genoodsaak.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Daar was ongekende stabiliteit in die banksektor. (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

2.3 2.3.1 *[Interaksie met Bron 2C as 'n stimulus om 'n reaksie te formuleer – V2]*

- Meer as twintig damme is gebou.
- Goedkoop hidro-elektrisiteit is gegenereer.
- Lae-koste behuising.
- Werksgeleenthede is geskep.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2 (4)

2.3.2 *[Interpretasie, analise en vergelyking van bewyse uit Bron 2C en Bron 2A – V2]*

- Bron 2C toon Roosevelt en die ondertekening van die *Tennessee Valley Authority Act* as deel vane regering se ingryping in die ekonomie wat baie goed vasgevang word in Bron 2A.
- Bron 2C toon dat lede van die Roosevelt se administrasie ten volle agter die president is in sy pogings, terwyl in Bron 2A Hoover se besluiteloosheid die impak van die depressie vererger.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2 (4)

2.3.3 *[Evaluering, analise en interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V3]*

- Die bron behandel slegs een aspek van die Nuwe Bedeling.
- Die ondertekeningseremonie kon 'n publisiteitsfoefie gewees het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2 (2)

2.4 2.4.1 *[Evaluering en interpretasie van inligting uit Bron 2D – V2]*

- Dit het die waardigheid van die Amerikaanse volk herstel.
- Dit het nie die Depressie beëindig nie, maar het gelei tot die herstel van die Amerikaanse ekonomie.
- Die lyding van die Amerikaanse bevolking was tot die minimum beperk.
- Dit het ander Amerikaanse burgers uitgesluit van voordeel trek uit die Nuwe Bedeling.
- Segregasiebeleid strydig met die universele toepassing van die Nuwe Bedeling. (Enige 1 x 3 (3)

2.4.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Segregasie beleide was toegepas.
- Die Amerikaanse samelewing was nog steeds deur rasse ongelykhede gekenmerk.
- Die regering het blankes vir verligtingde ondersteuning prioritiseer.
- Segregasie gebaseer op geslag was nog steeds beoefen; daarom het vroue nie voordeel uit die Nuwe Bedeling getrek nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2 (4)

2.5 *[Paragraaf – Interpretasie, analise en sintese van inligting uit ’n gekies bronne – V3]*

- Bron 2A toon die kontrasterende aksies van die onderskeie administrasies se reaksie tot die krisis.
- Roosevelt ten gunste van regeringsingryping in die ekonomie. (Bron 1A)
- Verligtingsmaatreëls in plek gestel.
- Die bankkrisis word mee gedeel in Bron 2B.
- Die aanvaarding van die *Emergency Banking Act* en die *Fireside Chats* herstel beleggersvertroue in die bankstelsel en banke. (Bron 2B)
- Bron 2C toon dat die regering verbind is tot die direkte herstel van die ekonomie in die VSA.
- Die sukses van die Nuwe Bedeling word beklemtoon in Bron 2D en dit het die waardigheid van die Amerikaners herstel.
- Bron 2D openbaar ook die rassesegregasie en hoe dit die groepe binne die samelewing wat aan die ontvangkant daarvan was, beïnvloed het.
- Dit kan met vrymoedigheid gesê word dat die Nuwe Bedeling, tot ’n groot mate, daarin geslaag het om verligting, herstel en hervorming teweeg te bring.

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n baie elementêre manier, bv. **min of geen begrip van die omvang van die sukses van die Nuwe Bedeling.**<br>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **gedeeltelike begrip van die omvang van die sukses van die Nuwe Bedeling.**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier. | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer ’n deeglike begrip van die sukses van die Nuwe Bedeling**.<br>• Bewyse hou in ’n groot mate verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6–8** |

(8)

**[50]**

## VRAAG 3: HOE HET NAZI-PROPAGANDA TOT DIE UITWISSING VAN MINDERHEIDSGROEPE IN NAZI-DUITSLAND GELEI?

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Hy het geglo in die hiërargie van rasse.
- Hy het geglo in die idees van Sosiale Darwinisme.
- Dit is van kritieke belang om rassuiwerheid te handhaaf. (3 x 1) (3)

3.1.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3A – V1]*

- Hulle het die verantwoordelikheid om minderwaardige rasse te onderwerp.
- Hulle het die vermoë om suiwer te bly.
- Hulle het die beste gene. (3 x 1) (3)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Hy was beïnvloed deur die pseudo-wetenskaplike teorieë van rassisme.
- Hy het geglo dat die Jode sub-mense was.
- Hy het hulle geblameer vir die nederlaag van Duitsland tydens WW2.
- Hy het hulle gesien as ʼn bedreiging vir die suiwerheid van die Duitse ras.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Definisie van ʼn historiese begrip uit Bron 3A – V1]*

- ʼn Sterk gevoel van haat teen die Joodse volk.
- Fundamentele vooroordeel teen enigeen van Joodse afkoms.

(Enige 1 x 2) (2)

3.1.5 *[Evaluering en interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

**KAN NIE GEREGVERDIG WORD NIE**

- Hitler se sieninge was fundamenteel rassisties.
- Hy was gemotiveer deur die uiterste haat van die Jode.
- Hy het ʼn sondebok gesoek om te blameer vir Duitsland se probleme.
- Hy was eintlik besig om rassehaat te bevorder.
- Sy siening het uitgeloop op haatspraak.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Hulle leer vanaf die voortreflike Ariese ras. (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3B – V1]*

- Die Ariese ras moet suiwer bly.
- Hulle moet nie besmet word deur die minderwaardige rasse nie.

(Enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 3B – V2]*

**BETROUBAAR (Nie-betroubaar moet nie aanvaar word nie)**

- Die menings toegeskryf aan Hitler is in ooreenstemming met sy optrede.
- Dit is ŉ uittreksel uit ŉ boek deur Hitler geskryf.
- Die daaropvolgende optrede van Hitler se regering is ŉ testament van die standpunte wat hy beklee het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Die Duitsers sou ŉ diepgewortelde haat vir die Jode ontwikkel.
- Die Jode het die skuld gekry vir alles wat verkeerd was in Duitsland.
- Die destydse Verenigde Duitse nasie was langs etniese lyne verdeel.
- Hy het ŉ samelewing ontwikkel wat gegrond was op wantroue en agterdog.
- Dit het rassevooroordeel aangemoedig.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3 *[Vergelyking van Bron 3A en 3B – V2]*

- Beide bronne hou verband met die rassistiese behandeling wat teen die Jode deur die Nazi's gebruik was.
- In Bron 3A word Hitler se standpunte oor ras gestel en in Bron 3B staaf die menings wat in Bron 3A vervat is.
- Beide bronne verteenwoordig Duitse vooroordeel teen die Jode.
- Bron 3B gee regverdiging vir Hitler se siening oor waarom hy glo dat die Jode 'n minderwaardige ras in Bron 3A is.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Definisie van 'n historiese begrip uit Bron 3C – V1]*

- Doelbewuste, sistematiese en sinnelose massa moord van die Jode en ander minderheidsgroepe deur Nazi-Duitsland tydens die Tweede Wêreldoorlog. (1 x 2) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Byna 'n hele geslag van die Jode is doodgemaak.
- Die doel van die Nazi's was om die Jode vanaf die gesig van die aarde te vee.
- Die moord is beplan en doelbewus, en uitgevoer deur die regeringsamptenare.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.4.3 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3C – V1]*

- Pole (1 x 1) (1)

3.5 3.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Die onmenslike behandeling van Jode onder Nazi-Duitsland.
- Die brutaliteit van Nazi-Duitsland.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 3) (3)

3.5.2 *[Vergelyking van Bron 3C en 3D – V2]*

- Om die omvang van Nazi brutaliteit aan die res van die wêreld bekend te maak.
- Om die VSA uit te beeld as die bevryder van die Jode uit Duitse onderwerping.
- Om bewyse vir die dreigende nederlaag van Duitsland te lewer.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Paragraaf – interpretasie, analise en sintese van inligting uit ʼn bronne – V3]*

**Die kandidaat moet relevante bronne gebruik om hierdie vraag te beantwoord. Verwysing moet na al die bronne as bewysmateriaal gemaak word.**

- Hitler se idees het die basis van Duitsland se houding teenoor die Jode gevorm.
- Hitler het aan die hiërargie van rasse waar die Jode die basis van daardie volgorde was, geglo. (Bron 3A)
- Die Duitsers was geïndoktrineer om te glo dat hulle aan ʼn beter heersersras behoort het. (Bron 3A)
- Hierdie propaganda was geregverdig deur die verwysings na pseudo-wetenskaplike teorieë.
- Hitler se haat en vooroordeel teenoor die Jode word dramaties uiteengesit in Bron 3B.
- Jode was beskryf as parasiete en onderduims. (Bron 3B)
- Die Nazi-regering het ʼn duidelik doel gehad om al die Jode in die Ryk uit te wis. (Bron 3C)
- Die massa moord van Jode was ʼn gevolg van ʼn doelbewuste poging om hulle te verneder. (Bron 3C)
- Bron 3D wys in fotografiese besonderhede hoe die Jode in die konsentrasiekampe behandel was.

Gebruik die volgende rubriek om ʼn punt toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ʼn baie elementêre manier, bv. **min of geen begrip van hoe Nazi propaganda gelei het tot die uitwissing van die Jode.**<br>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **gedeeltelike begrip van hoe Nazi propaganda gelei het tot die uitwissing van die Jode**.<br>• Gebruik bewyse op ʼn basiese manier. | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer ʼn deeglike begrip van hoe Nazi propaganda gelei het tot die uitwissing van die Jode**.<br>• Bewyse hou in ʼn groot mate verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse effektief in ʼn georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6–8** |

(8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

Kandidate mag slegs EEN vraag vanuit die volgende twee opstelle beantwoord.

### 4.1 SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle saamstem, of nie saamstem met die verklaring. Die kandidate moet fokus op die impak en sukses van die NEB op Rusland se ekonomie ná die rampspoedige Oorlogskommunisme. Die mislukkings van Oorlogskommunisme en die kritiek van vurige kommuniste moet as 'n vertrekpunt vir die bespreking gebruik word.

**HOOFASPEKTE**

INLEIDING

- Die inleiding moet die ongelukkigheid van sommige binne die Kommunistiese Party oor die dubbele ekonomiese beleidsbenadering van Lenin projekteer en die mislukking van Oorlogskommunisme en die vervanging daarvan met die meer suksesvolle NEP. Verwysings moet gemaak word na die ongelukkigheid van vurige kommuniste oor wat hulle "kruipende kapitalisme" genoem het.

UITBREIDING

- Die Bolsjewiste kom aan bewind met 'n kommunistiese agenda
- Mislukking van Oorlogskommunisme-reaksie van die boere – wetteloosheid
- Opstand deur die vloot by die Kronstadtvlootbasis
- Lenin se beoordeling van die situasie
- Bekendstelling van NEB – kompromie met kapitalisme
- Fokus op landbou
- Fokus op die nywerheid
- Fokus op handel en bankwese
- Die impak van die NEB op die Russiese ekonomie
- Kritiek van die NEP deur vurige kommuniste
- NEB en werkloosheid

SLOT

- Kandidate moet die argument met 'n relevante slot saamvat, wat in ooreenstemming met die lyn van argument is. **[50]**

**OF**

4.2 **SINOPSIS**

Kandidate moet die omvang aandui, of in ŉ mindere of grotere mate, of Stalin daarin geslaag het om Rusland te moderniseer. Die inhoudfokus moet op die ekonomiese ontwikkeling wees, en beplanning onder Stalin en die impak daarvan op Rusland. Die kandidaat moet ŉ duidelike lyn van argument het ter ondersteuning van die standpunt wat geneem was.

**HOOFASPEKTE**

INLEIDING

- Die inleiding moet fokus op Stalin se pogings om kommunisme in Rusland te konsolideer, en die modernisering en ekonomiese ontwikkeling van Rusland deur die Vyfjaarplanne.

UITBREIDING

- Verkiesing van Stalin as die leier van Rusland na Lenin
- Stalin se teenkanting teen die NEB – onttrekking van die NEB
- Stalin se doelwitte – Ekonomiese Ontwikkeling en Beplanning
- Die rol van Gosplan
- Eerste Vyfjaarplan – landbou, nywerheid, mynbou
- Tweede Vyfjaarplan – voortgesette industrialisering, verbetering van gehalte, verbetering van lewenstandaard
- Derde Vyfjaarplan en die Tweede Wêreldoorlog
- Impak op die ekonomie.
- Geslote aard van die Russiese samelewing

SLOT

- Kandidate moet die argument saamvat met ŉ relevante slot wat in ooreenstemming met die lyn van argument is. **[50]**

## VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

Kandidate mag slegs EEN vraag vanuit die volgende twee opstelle beantwoord.

5.1 **SINOPSIS**

Kandidate moet hul begrip van die mate waarin die onderliggende swakhede (latente defekte) in die Amerikaanse ekonomie die langtermyn volhoubare groei van die Amerikaanse ekonomie ondermyn het en gelei het tot die Groot Depressie, demonstreer. Hierdie begrip sal duidelik wees wanneer kandidate historiese kennis en vaardighede gebruik om hul opstel te ontwikkel en ŉ duidelike en bestendige lyn van argument handhaaf.

**HOOFASPEKTE**

INLEIDING

- Inleiding moet fokus op die aard van die Amerikaanse ekonomie in the1920's en moet die geïntegreerde aard van die gebreke in die ekonomie beklemtoon wat tot Groot Depressie gelei het.

UITBREIDING

- Ekonomiese oplewing van die 1920's onder die Republikeinse Party
- Ongelyke verdeling van rykdom
- Isolasiebeleid toegepas in die ekonomie
- Groot monopolie maatskappye
- Mislukking van regering om wanpraktyke te stop
- Ongereguleerd bankstelsel – gebrek aan monitering
- Oorproduksie in landbou
- Maklike krediet en spandabelrigheid
- Oorspekulasie in die aandelemark
- Paniekverkope van aandele
- *Wall Street* Ineenstorting Oktober 1929

SLOT

- Kandidate moet die argument met ŉ toepaslike slot wat in lyn is met die lyn van argument wat geneem was, saamvat. **[50]**

**OF**

5.2 **SINOPSIS**

Kandidate moet ŉ deeglike begrip demonstreer van die impak van die Groot Depressie op die ekonomiese, sosiale en politieke lewe van die VSA. Spesifieke voorbeelde moet gegee word.

**HOOFASPEKTE**

INLEIDING

- Inleiding moet fokus op die impak van die Groot Depressie en die verband tussen die oorsake en gevolge van die Groot Depressie moet aangewys word.

UITBREIDING

- Republikeinse Party se beleid van nie-inmenging in die ekonomie
- Die ineenstorting van die New Yorkse Aandelebeurs – Swart Donderdag
- Ekonomiese ineenstorting
- Nywerhede sluit as gevolg van besigheide wat nie winsgewend is nie
- Ongekende werkloosheid
- Onvermoë om lenings terug te betaal
- Die sluiting van die banke – lenings word teruggetrek
- Huise en motors word deur die banke teruggeneem
- Aantal van die hawelose, honger en die behoeftige mense het toegeneem
- Broodlyne en sopkombuise
- Landbouproduksie gedaal – '*Dust Bowl*'
- Toename in maatskaplike euwels – misdaad
- Hoover – nie in staat om die probleme op te los – 'Hoovervilles'
- 1933-verkiesing – Demokratiese Party oorwinning

SLOT

- Kandidate moet die argument saamvat met ŉ toepaslike gevolgtrekking. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6: IDEES OOR RAS IN DIE LAAT 19de- EN 20ste-EEU

### SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle saamstem, of nie, met die stelling en ŉ relevante gedagterigting handhaaf. Kandidate moet die toepassing van eugenetika en Sosiale Darwinisme soos toegepas deur die wit setlaarbevolking in Australië ontleed en die gevolge daarvan bespreek. Die kandidate moet begrip toon rakende die verband tussen die beleid en praktyk. Dit is ook belangrik om aan te dui tot watter mate hierdie beleide die wit bevolking in Australië beïnvloed het.

### HOOFASPEKTE

INLEIDING

- Inleiding moet fokus op die toepassing en die impak van eugenetika en Sosiale Darwinisme in Australië deur die wit setlaarbevolking. ŉ Omskrywing van elk van hierdie konsepte mag aanvaar word. Die kandidate moet begrip toon rakende die verband tussen hierdie teorieë.

UITBREIDING

- Britse kolonisasie en besetting van Australië
- Beleid van ŉ leë land – *terra nullius*
- Vervolging van die Inheemse Aboriginaal gemeenskappe
- Toepassing van eugenetikabeleid teenoor die Aborigenes
- Die vraag om “grond” en die *National Blanket Day*
- Wit immigrasie uit Europa
- Wit moeders aangemoedig om meer kinders te hê – 5 pond vir elke wit kind wat gebore is
- Rasse-verval en rasse-selfmoord – beïnvloed immigrasie beleid
- Beleid van assimilasie
- Die Gesteelde Generasie – half-gebasterde kinders
- Verlore identiteit
- Volksmoord – ŉ generasie van Aborigenes afgemaai
- Pogings om versoening – *National Sorry Day*, verwerping van die *terra nullius* beleid

SLOT

- Kandidate moet die argument saamvat met ŉ relevante gevolgtrekking wat in ooreenstemming is met die veronderstelde lyn van argument. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou